DIE BURGER, **BRIEWEBLAD**, POSBUS 692, KAAPSTAD, 8000 TEL **021 406 2222** FAKS 0

DIE BURGER 27/9/07

Erfenisdag is nie 'n braaidag

EK verwys graag na die berig "Erfenis met braai 'nie reg.' " (DB, 25/9). Hoewel ek self graag 'n vleisie braai, stem ek saam met die Wes-Kaapse premier, mnr. Ebrahim Rasool, dat Erfenisdag nie in 'n Nasionale Braaidag omskep moet word nie.

Op dié dag is daar belangriker sake wat aandag verdien. Die Stigting VOC (Kaapstad) het vanjaar 'n driedag-erfenistoer gereël om saam te val met Erfenisdag. Die 36 deelnemers is na plekke tussen Kaapstad en Suurbraak geneem wat 'n belangrike rol gedurende die VOC-periode gespeel het.

Op Genadendal het prof. J. Bredenkamp (Iziko Museums) sy reisgenote op 'n toer deur sy geboortedorp geneem, in die Drostdy-museum het prof. L. Hattingh vertel hoe die Swellendamse burgers hulle in 1795 van die kompanjie losgemaak het. Op Suurbraak in Hessequaland het dr. Dan Sleigh aan 'n vol saal vertel watter ekonomiese en sosiale terugslag die voortdurende veeruil en verlies van weiding vir die Hessequa beteken het.

Die hoogtepunt van die toer was die besoek aan Suurbraak, waar die eerste "regstellende aksie"-VOC-gedenksteen onthul is. Die ou gedenksteen langs die pad tussen Suurbraak en Swellendam het verdien om met 'n nuwe vervang te word. Die bewoording daarop was: "Oupos: op die aangrensende opstal van die plaas Rietvlei het die Hollands-Oosindiese Kompanjie in 1734 'n buitepos opgerig as 'n verdediging teen plunderende Hottentotte en Boesmans."

Dit gee 'n heeltemal skewe beeld van die werklikheid. Op die nuwe granietsteen is in vier tale (Nama, Afrikaans, Engels en Xhosa) gegraveer: "Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier. Hier was van c. 1730-1791 'n buitepos van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) waar trekosse van die Hessequa geruil is."

Die gedenksteen is tydens 'n funksie in die gemeenskapsaal aan raadslid S. Govender oorhandig. Die plaaslike skoolkoor het die volkslied gesing en die gemeenskap het spontaan deelgeneem aan die verrigtinge, gereël deur die Drostdy-museum.

Die doel van die Stigting VOC is opvoeding en bewaring. Erfenisdag het hierby nog altyd 'n belangrike plek ingeneem, en ons is van plan om met praktiese erfenisprojekte voort te gaan. Ons hoop Rasool is volgende jaar by ons.

PIET WESTRA
Stigting VOC
Pinelands